



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

NOVEMBER 2009

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 33 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is gebruik om kandidate in hierdie vraestel te assesser:

Leeruitkomste	Assesseringstandaarde Die vermoë van die leerder om:
Leeruitkoms 1 (Geschiedkundige ondersoek)	1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. (Nie vir eksamendoeleindes nie.) 2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. (Nie vir eksamendoeleindes nie.) 3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne. 4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.
Leeruitkoms 2 (Geschiedkundige begrippe)	1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene. 2. Ondersoek en verdudielik die dinamika van veranderende magsverhoudings in die gemeenskappe wat bestudeer word. 3. Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.
Leeruitkoms 3 (Kenniskonstruksie en kommunikasie)	1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk, krities. 2. Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun. 3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van bewyse wat verskaf word en onafhanklik verkry word. 4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings.

1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:

VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE	
VLAK 1 (V1)	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne. • Organiseer die inligting logies. • Verduidelik geskiedkundige begrippe.
VLAK 2 (V2)	<ul style="list-style-type: none"> • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord. • Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is. • Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak.
VLAK 3 (V3)	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne. • Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. • Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies. • Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. • Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.

1.3 volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word.

<ul style="list-style-type: none"> • By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde. • By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is. • By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
--

2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

VLAK VAN VRAAG
<p><u>Vlak 1</u></p> <ul style="list-style-type: none"> Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk-vraag uiteengesit word. Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik.
<p><u>Vlak 2</u></p> <ul style="list-style-type: none"> Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik bewyse om die argument te steun. Sustain and defend a coherent and balanced argument with evidence. Write clearly and coherently in constructing the argument.

2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**

Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs “feite” neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om “modelantwoorde” voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
- Verkeerde stelling
- Irrelevante stelling
- Herhaling
- Analise
- Interpretasie



4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 6)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 6, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	

4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 18-19
A	VLAK 5	

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

I en A	VLAK 5	18 - 20
--------	--------	---------

GRAAD 12 ANALITIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK: PUNTETOTAAL: 30

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
AANBIEDING	Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig.	Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike, onafhanklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun.	Goed beplan en gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanklike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis Skryfwerk gestruktureerd	Argument beplan en gestruktureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/poging om argument te ontwikkel.	Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie.
INHOUD							
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is.	27-30	24-26					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is	24-26	23	21-22				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.		21-22	20	18-19			
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/irrelevante inhoudseleksie.			18-19	17	15-16		
VLAK 3 Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings.				15-16	14	12-13	
VLAK 2 Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord.					12-13	11	9-10
VLAK 1 Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant.						9-10	0-8

GRAAD 12 HOLISTIESE RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER (BV. 'N OPSTEL WAT VERWYS NA BRONNE, VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.)

VLAKE	Indien die kandidaat alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.
7 Uitstekend 80 – 100% 24 – 30 [Uitstekend]	Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne neer te skryf nie) Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne Druk hom-/haarself duidelik uit Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom)
6 Verdienstelik 70 – 79% 21 – 23 [Baie goed]	Wend goeie poging aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne Poog om teen-argument te oorweeg Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Goeie uitdrukking Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom)
5 Substantief 60 – 69% 18 – 20 [Goed]	Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge Begryp die meeste van die bronne Gebruik die meeste van die bronne Selekteer relevante bronne Uitdrukking goed, maar daar is foute Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg. Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekking te maak.
4 Gemiddeld 50 – 59% 15 – 17 [Bevredigend]	Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Uitdrukking bevredigend Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak
3 Toereikend 40 – 49% 12 – 14 [Redelik]	Geringe poging om te fokus op die onderwerp Min begrip van die bronne Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg Bronne word gelys Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Geringe uitdrukking Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom)
2 Elementêr 30 – 39% 09 – 11 [Swak]	Kan nie op onderwerp fokus nie Kan nie relevante bronne identifiseer nie Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie Skryfwerk bloot 'n lys van bronne Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Baie swak uitdrukking Swak poging om standpunt in te neem, indien enige
1 Nie behaal nie 0 – 29% 0 – 8 [Baie swak]	Geen poging om op die onderwerp te fokus nie Maak glad nie gebruik van bronne nie Heeltemal irrelevant Skryf bron direk oor Antwoord uiters swak

VRAAG 1: WAS DIT DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE WAT DIE EINDE VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED HET?

1.1

1.1.1 *[Verduideliking van historiese begrippe uit Bron 1A – L1 – LO2 (AS1)]*

(a) Apartheid

- wetlike segregasie om wit oorheersing te handhaaf
- lewens van swartes minderwaardig gemaak deur wetgewing
- gedwonge skeiding van rasse
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b) Kommunisme

- regeringstelsel waar daar 'n een-party-staat is;
- bronne word deur die staat besit namens die mense
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(c) Sanksies

- handels- en ander beperkinge wat 'n land opgelê word
- manier om 'n land vir sy foute uit te sonder en te straf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2 – LO1 (AS3)]***Kandidate moet hulle antwoorde staaf indien hulle 'n alternatiewe antwoord voorsien**

- Bring Koue Oorlog tot 'n einde – Suid-Afrika kan nie langer kommunisme as 'n verskoning gebruik nie
- Veranderinge in Russiese buitelandse beleid, stel nie meer belang om kommunistiese regimes te regverdig nie – Suid-Afrika nie langer die voorstaander van Westerse belange in Afrika nie
- Beleid van perestroïka en glasnost maak van Rusland 'n nuwe land – dwing ook verandering in Suid-Afrika af
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1A – L1 – LO1 (AS3)]*

- Ekonomiese sanksies
- Veldtogte om beleggings te onttrek
- Rasse-onrus
- Finansiële krisis
- Besigheidsvertroue was laag
- Druk van die mense
- So kan ons nie langer aangaan nie (enige 3 x 1) (3)

1.1.4 *[Interpretasie en sintese van besyre uit Bron 1A – L2 – LO1 (AS3); LO3 (AS2)]*

- De Klerk het nie meer 'n verskoning gehad om apartheid te verdedig nie
- Verlig die las om 'n verskoning vir sy aksies te soek
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2 – LO1 (AS3); LO2 (AS2); LO3 (AS2)]*

- Maak mense van die wêreld bewus van die ewels van apartheid
- Stel handels- en sportboikotte in

- Forseer die internasionale gemeenskap om waaksaam te raak en aksie te neem teen die wit rasistiese regering
- Bied ondersteuning aan die mense in die land wat teen apartheid veg
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.6 *[Analise en sintese van bewyse van Bron 1A – L2&3 – LO2 (AS3); LO3 (AS2&3)]*
Kandidate kan sê geregverdig of nie geregverdig nie indien hulle hulle antwoord met 'n geldige argument kan ondersteun

GEREGVERDIG

- Suid-Afrika se rassebeleid voldoen nie aan internasionale norme nie
- Suid-Afrika se beleid van apartheid – skending van menseregte
- Dit is net deur internasionale druk dat verandering te weeggebring kan word
- Bekommerd oor die onttrekking van groot finansiële en besigheidsbeleggings deur westerse lande
- Misdaad teen die mensdom
- Enige ander relevante antwoord

NIE GEREGVERDIG NIE

- Suid-Afrika moet self werk om verandering te bewerkstellig
- Dit was Suid-Afrika se interne probleem wat die mense van die land hulle eie oplossings moet kry
- Groot moondhede het beleggings gehad, was bekommerd oor hulle ekonomiese welvaart
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.7 *[Interpretasie van bewyse uit Bron A – L3 – LO1 (AS3); LO2 (AS2)]*
Alternatiewe standpunt mag aanvaar word indien die kandidaat die antwoord kan staaf

- Beide gebeure reflekteer 'n verswakking van Suid-Afrika se militêre en politieke krag
- Beide gebeure het Suid-Afrika met geen keuse gelaat nie as om 'n proses van vernadering en hervorming te volg
- Beide gebeure het die begin van 'n nuwe era in Suid-Afrika aangekondig (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking en ekstrapolisasie van inligting uit Bron 1B – L1 – LO1 (AS3)]*

- Regse teenreaksie
- Om ernstige bedenkinge onder die sekuriteitsmagte stop te sit
- Om die oortuiging en siening dat witmense meerderwaardig teenoor ander rassegroepe is, te verander (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – L2 – LO1 (AS3); LO2 (AS2)]*

- Lig die verbod op die ANC en ander verbanne politieke organisasies
- Vrylating van Mandela
- 'n Volledige verandering breek die leë beloftes en tradisies van die verlede
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 1B – L3 – LO1(AS3); LO2 (AS2)]***VEREER**

- Hy het die moed en die visie om Suid-Afrika op hierdie nuwe pad van hervorming te lei
- Hy het sterk teenstand van sy eie mense en ander dele van die land se bevolking ontvang
- Sy aksies sal vyande lok en tot sy val lei
- Enige ander relevante antwoord

NIE VEREER NIE

- Gedruk deur eksterne en interne magte
- Is met geen keuse gelaat nie as om in te gee aan die kragte van verandering
- Enige ander relevante antwoord

(2 x 2) (4)

1.2.4 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 1B – L2 – LO2 (AS2); LO3 (AS2)]***Kandidate kan sê betroubaar of nie betroubaar nie en moet hulle antwoord met 'n geldige bewyse staaf****BETROUBAAR**

- Gebeurtenis het op 2 Februarie 1990 gebeur
- Gebeurtenis verander Suid-Afrika se politieke lot
- Inligting kan vergelyk word met beskikbare bewyse en vir betroubaarheid getoets word
- Enige ander relevante antwoord

NIE BETROUBAAR NIE

- Dit is 'n sekondêre bron
- Dit is 'n eensydige bron
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 1C – L3 – LO2 (AS2); LO3 (AS2)]*

- Om die wêreld te wys dat De Klerk tot die onderhandelinge verbind was
- Om die belofte van die 2 Februarie 1990-toespraak na te kom
- Om met hervorminge vir 'n vredevolle skikking te begin
- Om die land te verlig van die interne en eksterne druk vir verandering
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 1C – L2 – LO2 (AS2); LO3 (AS2)]*

- Opgewondenheid
- Geluk
- Tevredenheid
- Verrassing
- Skok
- Verligting
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 1C – L2 – LO2 (AS2); LO3 (AS2)]*

- Foto vang die oomblik van oorwinning,
 - geluk en die opgewekte luim van die vrylating vas
 - Enige ander relevante antwoord
- (1 x 2) (2)

1.4 *[Interpretasie/ontleding en sintese van bewyse uit al die bronne – L2&3 – LO1 (AS3); LO2 (AS2&3); LO3 (AS2)]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit

- Einde van kommunisme
- Nuwe beleid van Sowjetunie – Glasnost en Perestroïka
- Ekonomiese en sportsanksies
- Beleggings onttrek
- Finansiële krisis
- Internasionale anti-apartheiddruk
- SADF se nedelaag in Angola
- Swapo se oorwinning in Namibië
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. Toon geen of min begrip van hoe die internasionale gemeenskap Suid-Afrika beïnvloed het nie • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie 	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv. Toon 'n begrip van hoe die internasionale gemeenskap verander in Suid-Afrika beïnvloed het. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier 	Punte: 3 – 4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv, demonstreer 'n deeglike kennis van hoe die internasionale gemeenskap verandering in Suid-Afrika beïnvloed het. • Bewyse pas goed by die onderwerp • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon 	Punte: 5 – 6

(6)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 1.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretasie-vaardighede te gebruik - L1 – LO1 (AS3&4); LO2 (AS1, 2 &3);*
1.5.2 *LO3 (AS1, 2, 3 &4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet bespreek hoe die ineenstroting van die Sowjetunie die weg gebaan het vir hervorming in Suid-Afrika.

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet bespreek hoe die ineenstorting van die Sowjetunie die weg vir hervorming gebaan het.

UITBREIDING

- Gorbastof se rol om kommunisme te beëindig
 - Die bekendstelling van Glasnost en Perestroïka in Rusland
 - Die impak van Glasnost and Perestroïka op Suid-Afrika
 - De Klerk kon nie langer die argument gebruik dat apartheid die vlag van kommunisme probeer stuit het nie
 - Verbanne politieke organisasie kon nie langer kommunisties-geinspireerde teroriste genoem word nie
 - De Klerk is geforseer om met voorheen verbanne organisasies soos die ANC te onderhandel
 - Bevrydingsorganisasies is gedwing om te onderhandel
 - Het die weg gebaan vir onderhandelinge met die NC wat tot die demokrasiteringsproses in Suid-Afrika gelei het.
 - Proses van onderhandelinge is begin vir die beëindiging van apartheid
 - Bevrydingsorganisasies is gedwing om te onderhandel
 - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argumente met eie relevante bewyse afsluit. (30)

Gebruik die matriks op bladsy 6 in hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk na te sien.

OF

1.5.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur bewyse uit die bronne en eie kennis te gebruik om die argument te ondersteun - L2 – LO1 (AS3&4); LO2 (AS1, 2 &3); LO3 (AS1, 2, 3 &4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet 'n verslag skryf wat verduidelik hoe die ineenstorting van die Sowjetunie die ANC en NP met geen ander keuse gelaat het nie as om in te stem tot 'n onderhandelde skikking.

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet demonstree hoe Gorbatsjef se hervormings instrumenteel was om beide die ANC en die apartheidsregering te oortuig om te onderhandel.

UITBREIDING

- Die ineenstorting van die Sowjetunie is deur die NP as strategies belangrik gesien om onderhandelinge met die ANC te begin – oortuiging dat die beweging nou swak en in chaos was
 - Die ANC is geforseer om met die apartheidregering te onderhandel, omdat dit geen militêre en ekonomiese ondersteuning van die Sowjetunie ontvang het nie.
 - Doelwit van die Sowjetunie was dat Suid-Afrika sy interne probleme moes oplos
 - Die einde van kommunisme het die verwydering van Kubaanse troepe en MK-soldate uit Angola beteken
 - Onafhanklikheid van Namibië is as 'n voorloper van 'n onderhandelde skikking gesien.
 - Die ANC moet vir homself sorg as gevolg van die veranderende internasionale scenario
 - Druk van groot moondhede om saam te werk aan 'n vreedsame skikking
 - Die ANC en die apartheidregering moet 'n vreedsame en werkbare oplossing vind
 - Die apartheidregering het die geleentheid gebruik om met die ANC te onderhandel omdat dit swak gelyk het sonder Sowjet revolusionêre ondersteuning
 - Die behoefte vir wraak en die vernietiging van die ANC moes opsygeskuif word vir mededeelsaamheid en nasiebou.
 - Beide die NP en die ANC moes let op interne faktore (ekonomiese stagnering, rasse-onrus, finansiële krisis, ens) om die land se toekoms te red
 - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet die verslag met 'n gepaste slot afsluit. (30)

Gebruik die matriks op bladsy 7 in hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser [75]

VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN DIE 1990's TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA (SENTRAAL-AFRIKA) GELEI?

2.1

2.1.1 *[Verduideliking van historiese beginsels uit Bron 2A – L1 – LO2 (AS1)]*

(a) Marxisme-Leninnisme

- Filosofie van Marx en Lenin: 'n kombinasie van kommunistiese ideologie gebaseer op die teorie van Marx en die praktyk van Lenin
- Hierdie filosofie is gebaseer op die beheer van produksiefaktore deur die staat
- Vrye handel en winsmaking is verbied/ kapitalisme is verbied
- "n Regeringstelsel wat 'n klaslose gemeenskap voorstaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b) Multipartystelsel

- Deelname van baie partye aan 'n verkiesingsprosedure
- Aanvaarding van baie partye in 'n land
- Land ontvanklik vir 'n demokratiese klimaat
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2A – L2 – LO2 (AS2); LO3 (AS2&3)]*

- Natuurlike bronne uitgebuit deur supermoondhede
- Oorloë geveg met verteenwoordigende magte om die belange van die supermoondhede te dien
- Sowjetunie het die MPLA gesteun
- Die VSA het UNITA gesteun
- Angola is deur VSA en USSR gebruik om hulle eie politieke ideologie te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2A – L2 – LO2 (AS2); LO3 (AS2&3)]*

- Beide wou Angola vir hulle eie ekonomiese welvaart gebruik
- Angola was ryk aan natuurlike hulpbronne, olie en diamante
- Beide wou Angola gebruik om hulle ideologie te versprei/ invloedsfeer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrek relevante inligting uit Bron 2A – L1 – LO1 (AS3)]*

- Beweeg na markgeöriënteerde beleid
- Bied meer besigheidsgeleenthede
- Privatisering van staatsbates (enige 2 x 1) (2)

2.1.5 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2A – L3 – LO2 (AS2); LO3 (AS2)]*

- Om aan te dui dat hulle Marxisme-Leninnisme laat vaar het
- Beweeg na 'n markgeöriënteerde ekonomie
- Hulle het nie nodig gehad om 'n belied te volg wat die USSR steun nie
- Angola wou haarself herdefinieer/ 'n eie identiteit ontwikkeling
- Val van kommunisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.6 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2A – L3 – LO2 (AS2);
LO3 (AS2)]*

- Vertroue in die land se stabiliteit en groei
- Wêrelderkenning om haarself te herdefinieer
- Volg nie meer sosialistiese beleid nie
- Angola word nie meer as marionetregering nie (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2B – L2 – LO2 (AS2);
LO3 (AS2)]*

- Konflik tussen MPLA en UNITA
- Burgeroorlog (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2B – L2 – LO2 (AS2);
LO3 (AS2)]*

- Die einde van die Koue Oorlog het die weg gebaan vir 'n vredesooreenkoms
- Die VSA se Minister van Buitelandse Sake en die Sowjet Minister van Buitelandse Sake was gewillig om vir 'n vredeskikking te onderhandel
- Kubaanse troepe onttrek
- Tree in by die internasionale gemeenskap om die land te stabiliseer
- Militêre hulp van die VSA en Sowjetunie sou stop
- Britse en Franse steun om 'n nasionale weermag op te bou
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2B – L2 – LO2 (AS2);
LO3 (AS2)]*

- Hulle wou help met die vorming van 'n nasionale weermag om die wapenstilstandproses te monitor
- Bied opleiding vir 'n nasionale weermag om die belange van die land te dien
- Om bystand te verleen om vry en regverdige verkiesings te verseker
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2B – L2 – LO2 (AS2);
LO3 (AS2)]*

BRUIKBAAR – lig die volgende uit:

- Angola was nie meer 'n pion in die Koue Oorlog nie
- Vredesooreenkoms onderteken
- Angola het homself hergedefinieer deur bv. Nuwe winkels en kroeë geopen
- Bruikbaar tot 'n sekere mate dit is 'n eensydige standpunt
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.5 *[Onttrekking van relevante inligting uit Bron 2B – L1 – LO1 (AS3)]*

- Angola het sy eerste vryheids dans beleef
- Nuwe winkels en kroeë het oopgemaak
- Buitelandse vrywilligers- 'cooperates' – het aangekom
- Ambisieuse planne vir rekonstruksie is opgestel
- Buitelandse sakepersone het gekom om kontrakte te soek
- Inwoners het hulle huise geverf (enige 2 x 1) (2)

2.2.6 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2B – L3 – LO2 (AS2); LO3 (AS2)]*

Kandidate moet hulle antwoord in verband bring met Rip van Winkel se wakkerword uit 'n droom, net om skielik te besef dinge het verander.

- Angola het veranderinge ondergaan
- Angola het homself hergedefinieer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van relevante inligting uit Bron 2C – L1 – LO1 (AS3)]*

- 34,10% (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van relevante inligting uit Bron 2C – L1 – LO1 (AS3)]*

- MPLA (1 x 1) (1)

2.3.3 *[Interpretasie en ontleding van Bron 2C – L3 – LO2 (AS2); LO3 (AS2&3)]*

- Multiparty-verkiesing
- Aanvaarding van alle partye
- Demokratiese klimaat vir verandering
- Te veel partye vir 'n stabiele regering
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2C – L3 – LO3 (AS2&3)]*

Kandidate moet na beide bronne verwys

- Bron 2C beeld die verkiesingsuitslae uit terwyl Bron 2B die vordering na die 1992-verkiesing en die verandering wat daarna gevolg het verduidelik
- Bron 2B verduidelik die veranderinge wat multi-party verkiesings moontlik gemaak het soos genoem in Bron 2C (1 x 3) (3)

2.3.5 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2C – L3 – LO3 (AS2&3)]*

Die bron is bruikbaar omdat

BRUIKBAAR

- Outentieke verkiesinguitslae/ primêre bron
- Uitslae kan nagegaan word
- Dit voorsien 'n beeld oor die verskillendepolitieke partye/ veranderinge
- Betroubaar tot 'n mate omdat dit nie enige agtergrond inligting voorsien nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Interpretasie, ontleding en sitetisering van bewyse uit alle bronne - L3 – LO1 (AS3&4); LO2 (AS2 &3); LO3 (AS2, 3 &4)]*

Kandidate moet die volgende aspekte by hul antwoord insluit:

